



Geskiedenis van SAWA-Oos-Kaap

Aanvanklik het die mense van die Oos-Kaap deel gevorm van streek Suidwes-Kaap. Volgens die ledelys van die streek was daar 12 lede wat eintlik in die Oos-Kaap gebly het, maar lid van Suidwes-Kaap streek was. Elf van hulle was S.A. Bamm, Ds. L.P. du Plessis, P.J. Gerber, J.D. Griessel, N.J.D. Holtzhausen, W.C.Jordaan (Umtata), Prof. W.J. Kruger, J.F.Potgieter, K.L. Serfontein, J.J. Shaw en A.J.H.Venter.

Wyle Sarel Bamm skryf op 28 Julie 1976 aan die Sawa-kantoor vir goedkeuring om voort te gaan met die afstigting van 'n nuwe streek van streek Suidwes-Kaap af. Die grense is soos volg voorgestel:

- Vanaf Aliwal Noord al met die Kaap Provinsie grens, Lesotho grens en Natal grens;
 - Vanaf Aliwal Noord met 'n reguit lyn na Beaufort-Wes
 - Vanaf Beaufort-Wes met reguit lyne na Willowmore en Plettenbergbaai en Knysna in die Suidwes-Kaapstreek.
 - Volgens die notule van die stigtingsvergadering wat op 20 November 1976 in die Humewood Kampeerterein in Port Elizabeth gehou is, was daar volgens die register 21 mense, mans en dames, teenwoordig. Willem du Plessis, die nasionale voorsitter het as voorsitter opgetree. Ds. H. Shaw het die vergadering geopen deur Psalm 121 te lees en 'n gebed te doen. By die geleentheid is die volgende persone in die bestuur van streek Oos-Kaap verkies:
- | | |
|-----------------|----------------------------|
| Voorsitter | S. Bam |
| Ondervoorsitter | W. Kruger |
| Sekretaris | D. Griessel |
| Randmeester | F. Pretorius |
| Add. lede | K. Serfontein en P. Gerber |

Die eerste bestuursvergadering is op 25 November 1976 aan huis van Ken Serfontein gehou. Die intreegeld was R5,00 en die ledegeld R5,00. In die finansiële verslag word daar ook gemeld dat die kollekte vir bybelverspreiding sou gaan.

In Februarie 1978 het Dave Griessel die voorsitter geword en in die notule van 18 Mei 1978 noem die voorsitter dat werwing van nuwe lede 'n ernstige probleem is. Die SAUK het 'n onderhoud met hom gehad waarin hy Sawa aan die luisteraars kon bekend stel asook berigte in die plaaslike koerant, maar hy meld dat daar net een persoon geskakel het om meer inligting te vra. In die notule word ook gemeld dat die bankbalans R30,80 was. Op die presensielys van 1 September 1979 se AJV verskyn daar twee nuwe name in die bestuur, naamlik Denzil Strydom en Noël Weyers.

Op 24 September 1983 word Melville du Plessis as voorsitter gekies en wyle Bab Didloff as ondervoorsitter. Gedurende 1985 wen Sawa Oos-Kaap die beker vir die hoogste persentasie bywoning. In 1986 bied streek Oos-Kaap die Kongres ter plaatse aan. In 1987 sluit Jimmy Muller by die streek aan en in Januarie 1988 word melding gemaak van die afdak. Op 17 Maart 1988 word daar melding gemaak van 'n bedrag van R50,00 wat aan die nuwe streek, Klein Karoo, geskenk is met hulle afstigting van streek Oos-Kaap. In die notule van 27 Mei 1988 word daar vir die eerste keer na "DIE WAPAD" verwys.

Tydens die AJV van 1988 word Bab Didloff verkies tot voorsitter. Die eerste gebiedsbestuur is in 1989 saamgestel met Hein van der Rijst as gebiedsvoorsitter. Dit was ook die jaar wat streek

Oos-Kaap die sleepwa vir die tent gekry het. Op 25 November 1989 is die gedagte geopper dat daar fondse ingesamel moet word vir die aankoop van 'n nuwe afdak. Die nuwe opgegradeerde tent is in 1991 feestelik tydens die saamtrek by Jeffreysbaai in gebruik geneem. Die ledetal het ook mooi gegroei, want die AJV is deur 69 persone bygewoon.

Tydens die AJV van 21 September 1996 is Lappies Labuschagne tot voorsitter van Streek Oos-Kaap verkies. Tjaart Snyman het die gebiedsvoorsitter geword. Op 25 Maart 2001 word Streek Strelitzia amptelik as nuwe streek van streek Oos-Kaap afgestig.

Tydens die AJV van Augustus 2001 het SAWA Oos-Kaap sy 21ste verjaarsdag behoorlik by Van Stadensriviermond gevier. Die 30ste verjaarsdag is tydens die AJV in 2006 by Willows gevier.

Op 1 September 2002 neem Jakkie Barnardo die leisels by Lappies Labuschagne oor wat dan opskuif as gebiedsvoorsitter. André Horne was die gebiedsvoorsitter in 2005. Daan Schoeman neem die leisels as gebiedsvoorsitter oor in 2006. Tydens die AJV van Augustus 2007 skenk Streek Oos-Kaap weereens die geboorte aan nog 'n streek naamlik Seemeeu.

Streek Oos-Kaap geniet saamtrekke en jaarliks word daar 'n wintertoer aangebied, gedurende Paasnaweek word die binneland besoek en daar word ook elke jaar 'n geheime saamtrek gereël. Die gebiedsaamtrek asook mini-gebiedsaamtrek word jaarliks goed bygewoon. Die gebiedsbestuursvergadering in die vorm van 'n saamtrek groei ook sedert dit in 2007 begin is.

Saws Oos-Kaap het wonderlik gegroei deur die jare en het gesorg dat daar 3 nuwe streke gestig word. Die lede van die streek het ook hulle merk gemaak op nasionale vlak waar goeie erkenning gegee is in die vorm van hoë toekennings. Die Wapad het al verskeie toekennings gewen, Esther van der Rijst en Jakkie Barnardo was al nasionale Sawa vroue van die jaar. Ons het ook twee ere lede naamlik Cynthia Didloff en Reitz en Susie Kruger. Die belangrikste doel vir die streek is egter om lekker te kamp en die gees te vul vir die maand se werksaamhede wat voorlê.

Lappies Labuschagne het die navorsing gedoen tydens die 25jarige bestaan van streek Oos-Kaap. Hierdie is net 'n verkorte verslag van die hoogtepunte wat aangevul is deur Jakkie Barnardo.

JAKKIE BARNARDO
VOORSITTER STREEK OOS-KAAP

Bron: Lappies Labushagne se navorsing
November 2008